Saterdag / Saturday

9 November 2024
@ 13:00 vir / for 13:30

GGSA Gauteng-Noord / GSSA Gauteng North

Takbyeenkoms / Branch Event

ALLEGAARTJIE

Kruger Galery / Kruger Gallery

VOORTREKKERMONUMENT /
VOORTREKKER MONUMENT

& via gelyktydige / simultaneous Zoom

TITEL VAN PRAATJIE:
Die Herkoms van Stamvader Wilhelm Bernhardt: Wanneer is Genealogiese Informasie Genoeg, en Goed Genoeg

SPREKER: Wilhelm Bernhardt




In my navorsing oor die afgelope 20 jaar het ek daarin geslaag om sewe primêre bronne te vind wat potensieel lig werp op die geboorte, lewe in Duitsland, en afsterwe in Suid-Afrika van stamvader Wilhelm Bernhardt. Hierdie bronne weerspreek mekaar op sekere punte, en vul mekaar op ander aan, of bevestig selfs mekaar. Om sake goed deurmekaar te krap kan ten minste drie van hierdie bronne nie bó alle twyfel met die stamvader verbind word nie, alhoewel dit waarskynlik hy is waarna verwys word. Elkeen van die rekords dra egter 'n kritieke stukkie by tot die steeds onvoltooide legkaart van stamvader Wilhelm Bernhardt se herkoms. Die vraag wat ek dus met hierdie aanbieding vra is eenvoudig: Wanneer is genealogiese informasie genoeg, en goed genoeg, om aanvaar te word as waarskynlik korrek? Of sien ek dalk uit desperaatheid eerder antwoorde omdat ek antwoorde wil sien?

TITEL VAN PRAATJIE:
Om die wêreld in ses maande: 'n Soektog na B se ouers, en die ongemaklike inligting wat tydens die proses aan die lig gekom het

SPREKER: Annemarie Dreyer

Annemarie vertel self : Ek is sedert 2012 lid van die GN-tak en probeer om alle lede van die DREYER-familie in SA te dokumenteer. Verder stel ek veral belang daarin om mense na hul families met behulp van hul DNS-resultate te help soek, en fasiliteer ook die invoer van DNS-toetsstelle. Ek werk tans nog voltyds as rekenmeester en hoop om na aftrede meer tyd aan hierdie passie van my te kan spandeer.



TITEL VAN DIE PRAATJIE:
Slaggate in die pad van Genealogie

SPREKER: Pieter Aucamp

Pieter Aucamp is in Benoni gebore en het in Smithfield grootgeword en skoolgegaan. Hy het aan die UOVS studeer en is later met Isa Oosthuizen getroud. Die egpaar het twee dogters.

Na afrede het Pieter meer tyd vir navoring gehad om na korrekte informasie oor sy Aucampfamilie te begin soek. Dit is waar die slaggate in die pad voorgekom het.

